# Bergsig Boodskap

durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

23 Junie - 7 Julie 2019

23 Junie 2019,
Biddag Middelafhanklikheid

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Dr. Kobus de Jager*

**Deuroffer: Ramot**

Holistiese dwelm, alkohol en pille rehabilitasie sentrum vir mense wat sukkel hiermee.

30 Junie 2019,
Biddag Middelafhanklikheid

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Pieter Henning*

**Deuroffer: CAD**

Ondersteun gesinne volledig waar afhanklikheid 'n probleem is.

7 Julie 2019, DOOP

09:00 **Familiediens**
Ouditorium
*Ds. Philip Scholtz*

**Deuroffer: Geopende Deure**

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd deur Bybels te voorsien onder andere.

**PSALMS 128:2 NLV**

**2 Jy sal die vrug van jou arbeid geniet en gelukkig en voorspoedig wees.**

Geniet wel 'n heerlike pannekoek by 'n kaggelvuurtjie die winter!

## NUUS:

**9:00 Vakansiedienste (16 Jun - 7 Jul)**

27 Junie: Seniors worsbraai

9 Julie: Skole open
14 Julie: Preekreeks: Triniteit GEES begin



## Ons daaglikse brood

Ek kyk na altwee foto's en beide spreek tot my. Watter een sal ek kies?

Sal ek die nartjies kies? Nartjies verteenwoordig aardsheid, eenvoud, heilsaamheid, mens sien die skepping van God daarin. Dit is 'n kuns om 'n nartjieboom te laat groei en te laat vrug dra.

Die pannekoeke onder spreek weer van knus dae voor die vuur, oorvloed, heerlik dekadent en toon bak talent.

Watter een kan ek elke dag eet? Watter een is elke dag goed vir my? Sekerlik die nartjie in sy eenvoud.

Kortstondige vreugde kry ons uit dinge, uit oorvloed, maar werklike vreugde kry ons uit eenvoud.

Eenvoud is die vreugde van die lewe!

Bid vandag saam dat ons tevrede sal wees met ons "daaglikse brood", dat ons daarmee sal woeker en dit sal deel met die mense rondom my.



# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

Welgegund plaasdiens: die foto is geneem op 'n Sondag tydens een van hul eredienste. Lidmate van Bergsig speel 'n sleutelrol in Woordverkondiging daar.



## Bergsig-Uitreikhulp

Ronel van Wyk soek 'n saamrygeleentheid tot by De Bron (Diemersdal straat) soggens enige tyd vanaf 6:00 / 7:00 asook namiddag enige tyd vanaf 16:00 daagliks.

Sy bied ook haar dienste aan as opgeleide versorger van kanker en Alzheimer pasiënte (met twee jaar ervaring). Sy kan inwoon tydens versorging. Het bestuurslisensie en is sewe dae 'n week beskikbaar.

078 464 0614

## Bergsigprojekte oor grense

**DUITSLAND: Menges Gesin**

Die nuusbrief: Loergaatjie op ons lewens is beskikbaar by die sydeure en voorportaal. Hierin berig die Menges sendelinggesin oor hul doen en late. Neem gerus en lees of volg die webskakel indien jy elektronies verkies:

https://www.bergsigdv.co.za/duitsland-loergaatjie-op-ons-lewens/

## POPPIES VAN LIEFDE:

**Suid-Oos Asië uitreik (Frontida)**



Nog 'n lekker breiprojek: Poppies. Daar is patrone en wol op die tafel by die voordeur beskikbaar. Die poppies hoef nie toegewerk en opgestop te word nie. Omdat dit vir 'n spesifieke uitreik is, moet die kleure asb. groen, rooi en wit wees vir die klere en die gesiggies geel (nie wit of swart nie) Bel: Annamaré vir inligting.




## Durbanville / Bersig Seniorgroep

Ons vergadering vir SLEGS LEDE vind plaas op

Donderdag 27 Junie 2019

Tyd: 9:30

Plek: Durbanville-Bergsig Gemeente

Lede kom geniet weer ons heerlike worsbraai.

## BERGSIG FINANSIES

Beste lidmaat

Ons gee vandag kortliks terugvoer oor enkele sleutelpunte van ons finansiële posisie tans.

Die jaarstate van 2018/19 is op 12 Junie deur die Dagbestuur goedgekeur en sal binne 10 dae vir besigtiging beskikbaar wees. Ons sluit die jaar af met 'n verlies.

Ten spyte van uitgawes wat streng onder beheer is, personeel wat 'n verhoging van 3% aanvaar het en met dankoffers wat oor 4 jaar stagneer, selfs verlede jaar verminder het, dui die 2019/20 begroting ook op 'n tekort.

Deeglike finansiële kommunikasie sal jou gereeld bereik met die aanvang van die derde kwartaal. Daar word positiewe planne beraam om die inkomste te verbeter, wat ons met lidmate wil deel.

Hou dus dié spasie dop vir meer detail inligting en kom gesels met my indien jy vrae of voorstelle het.

In Sy diens

Pieter Henning. Gemeentebestuurder




## KLEINGROEPE

**Word deel van 'n Kleingroep in 2019.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal so gou moontlik plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer

### WINTERKLERE BENODIG

Het klere nodig vir twee volwasse vroue.
Kleregroottes tussen 34 en 38
Skoengroottes: 5 en 6
Het klere nodig vir twee seuns, ouderdomme 10 & 13 en hul skoengroottes 6 en 7.
Merk vir maatskaplik en bring asb. na kerkkantoor.

## HET JY 'n PREEK GEMIS?

Ons poog om alle preke op die web beskikbaar te stel vir lidmate om te luister. Met groot uitsondering ondervind ons soms tegniese probleme en is dit nie moontlik nie. Gaan luister gerus by www.bergsigdv.co.za by die skakel MEDIA/preke.

## FASILITEITE VERSORGING:

Oom André lys behoeftes wat nodig is om die kerksentrum mooi te versorg en op te gradeer. Ons het nie genoeg fondse om al die onderhoudswerk te behartig nie. Ons skryf daarom hier en hoop dat mense in die Gemeente hiermee kan help (gratis / teen beter prys) of kontakte kan aanbeveel wat koste-effektief is.
Laat weet ons asseblief.

1. Grondbedekking/bolaag vir gras
2. Diens van dakke, herstel en skoonmaak
3. Tuinafvalverwydering
4. Aanry van klippies/klippe vir tuin
5. Was van stoele
6. Stoomskoonmaak van matte
7. Opknap van ouditorium - verf
8. Tuin besproeingsisteem - toets en herstel

Bel Andre 021 976 4106 / fasiliteite@bergsigdv.co.za

**Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene WhatsApp 'broadcast' groep stuur jou naam en van na: 071 529 9491**

# VAKANSIEPROGRAMME

Diep Sarie verteenwoordig verskeie DIEP vroue wat die lewe bepeins. Sy is so oud soos sy die dag wil wees en vir haar kan jy nie maklik bottel nie. Sou jy haar kon bottel sou sy net beter word met die jare, haar wysheid verstom ander.

Sarie en 'n vriendin gesels oor die VAKANSIE! Party mense sonder skoolgaande kinders weet nie eers dis vakansie nie en die vakansiekoors het hul glad nie beet nie. Ander ma's is net te dankbaar dat hulle geen kosblikkies hoef te maak nie en 'n blaaskans kan vat.

Dan is daar ma's wat totaal raadop is. Bly die kinders veilig tuis, sit hul heeldag voor die TV of met een of ander vorm van tegnologie. Hoekom, omdat die ouers by die werk is en die huishulp te dankbaar is dat sy soet kinders oppas wat nie omkrap nie. Dit sou soveel lekkerder vir die kinders wees om buite fiets te ry, maar ai wie weet watter euwel in die strate vir hulle wag?

Diep Sarie kyk na die kerkprogram en is dankbaar dat haar gemeenskap 'n vakansieprogram aanbied. Hoe geseënd is ons nie hier nie? Ons is werklik bevoorreg. Sarie is ook dankbaar dat twee kerke hande vat en saam die program aanbied.

Diep Sarie praat ook baie met haar huishulp oor landsake en besef dat Mitchells Plain se ma's se vakansieuitdagings nog groter as ons s'n is. Hul kinders moet binneshuis koes vir verdwaalde bende koeëls. Wie weet watter euwels wag in hulle strate?

Diep Sarie dink met vreugde daaraan dat Bergsig, haar kerk, die vragskeephouers geskenk het aan Mitchells Plain om 'n Gemeenskap Gebedslokaal in te rig en dit word deels gebruik om 'n veilige hawe te skep in vakansies om ook 'n vakansieprogram aan te bied vir kinders wat daar woon.

Waar begin ons om 'n verskil te maak? Die maklikste is sommer hier in jou eie kring te begin, om deel te neem



Jean van Niekerk, Stephanie Steenkamp en Leoné Steyn (Gr. 11)













en betrokke te raak by bestaande inisiatiewe. Om deel te wees van die kerk se UITREIKprojekte, om diens te doen in die kerk by die eredienste, om lief te wees vir jou mense, om saam met hulle pannekoek te eet en in die oomblik te wees. Om saam in 'n oomblik van eenvoud 'n nartjie af te skil en in die oomblik te wees.










scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527

**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810